## 19 April Johannes 13:21-30 (13:30b)

### *Nag en helder dag*

Johannes sluit die verhaal van wat daar met die laaste Pasga gebeur het af met dié woorde: En dit was nag.

Judas het naamlik op daardie oomblik die bovertrek se deur agter hom toegetrek en daarmee hom afgesluit van die lig. In die donker staan 'n man alleen en om hom heen is dit nag...

Dit is egter nie net nag buite nie. Ook in hom is dit nagdonker. Toe hy so pas die stukkie brood uit Jesus se hand geneem het, het die Satan in hom ingevaar. Hy het die duisternis gekies; nou het die duisternis hom toegevou. Wie in die duisternis wandel, sê die Skrif, weet nie waarheen hy gaan nie, omdat die duisternis sy oë verblind het (1 Joh. 2:11).

Nog iemand sou binnekort uit die bovertrek uitgaan die nag in: die Here Jesus. By Hom is dit egter anders want Hy is die Lig van die wêreld. Al sou die lydensnag dreig om Hom swart te omvou, sou daar tog nog in Hom die lig wees van dié sekere wete:

"Ek is nie alleen nie, omdat die Vader met My is" (Joh. 16:33).

Wie Hóm volg, sal ook in die donkerste lewensnag steeds die lig hê van dié troos: My Here het alreeds voor my hierdie pad geloop. Ek besit nou, selfs in die nag, die lig van die lewe. Eendag sal ek die ewigheidsdag mag belewe. Dan is die Lam die lamp. Nag sal daar nie meer wees nie (Op 21:23,25). Die eerste dinge het dan finaal verbygegaan.

Sing: Skrifberyming 7:5 Dr. I.L. Bekker (Die Moot)